Hoërskool Lydenburg

High School Lydenburg

8 April 2020

Geagte Ouers / Voogde

Vanaf 31 Maart 2020 het ons kinders op ‘n ander, nuwe manier teruggekeer na die skoolboeke. A.g.v. die inperkings is studeerkamers en eetkamertafels byna oornag in klaskamers omskep omdat skole gesluit is.

Ouers en leerders moes inderhaas vertroud raak met nuwe toepassings en dienste soos Google Classroom, d6-groep en Whatsapp-groepe, sodat opleiding in afsondering kan voortgaan. Ons moes inderhaas leer hoe om te leer leef soos ons tans lewe, in afsondering en oor ‘n afstand. Die produk is egter steeds gelewer, opleiding.

Daar is skepties gewonder hoe onderwysers sonder fisieke klaskamers sal kan sien of leerlinge aandag gee of verstaan wat aan hulle verduidelik word. Hoe sal kinders met hul onderwysers en maats kan kommunikeer sonder dat dit in chaos ontaard? Ons is opgewonde om te deel dat ons tans ‘n produktiewe tyd beleef, waar kinders goed saamwerk en hoe langer ons in hierdie tyd ingaan, hoe beter raak ons.

Dankie aan elke ouer en leerder wat tydens hierdie onseker tyd skouer aan die wiel sit en seker maak dat ons hierdie tyd positief benut. Daar sal op 16 April 2020 samesprekings met die Minister van Onderwys wees aangaande die opening van skole vir onderwysers, tans op 20 April 2020 en vir kinders op 21 April 2020. Sodra hierdie samesprekings afgehandel is, sal u ingelig word rakende die pad vorentoe.

Ons besef dat die brandstof vir vandag se lewenstyl “data” is en dat dit ‘n uitdaging is. Weet egter dat ons op verskeie forums besig is om te onderhandel vir goedkoper opsies. Wees ook bewus van die “zero data sites” wat beskikbaar is vir leerders. Ook radiostasies koop in en selfs dit kan gratis gebruik word.

Ons gaan in die tydperk voort as probleemoplossers!

C Aucamp

C Aucamp
Waarnemende hoof

100 JAAR VAN TROTS 1921 - 2021

Kerkstraat
Posbus 28
Lydenburg
1120

Tel: (013) 235 2111 / (013) 235 2112 / (013) 235 1090
e-pos: chrismari@lydenburghs.co.za
www.lydenburghs.co.za